In die Hoogste Hof van Appèl
MEDIA OPSOMMING –

SAAKNOMMER:

In die saak tussen:

Van:: Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl
Datum: 2008-09-
Status: Onmiddellik

Mnr van Eeden is in 1996 in Pretoria van die rol van prokureurs geskrap weens 'n tekort in sy firma se trustrekening. Hy het in 2003 aansoek gedoen om hertoelating en aangevoer dat daar inderdaad nooit 'n trusttekort was nie. Sy aansoek is deur die Hooggeregshof, Pretoria, geweier.

Die Hoogste Hof van Appèl het bevind dat die waarskynlikhede daarop gedui het dat die appellant die firma se rekeningkundige boeke verberg het ten einde 'n ondersoek van die Prokureursorde te dwarsboom.

Daar is dus bevind dat hy onbevoeg is om hertoegelaat te word as prokureur.